# GEMEENTE. LES 19

| 1 | GEBED |
|---|---|

*Bid* vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van Sy teenwoordigheid en vir die luister na Sy stem.
Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

| 2 | DEEL (20 minute) *[STILTETYE]* KOLOSSENSE 3 – 4 en 1 TESSALONISENSE 1 |
|---|---|

***Maak beurte en vertel/deel (of lees )kortliks*** wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Kolossense 3 – 4 en 1 Tessalonisense 1). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

| 3 | MEMORISERING (5 minute) *[SLEUTELVERSE IN JOHANNES]* (6) JOHANNES 5:24 |
|---|---|

***Repeteer*** twee-twee.
(6) Johannes 5:24. "Dit verseker Ek julle: wie luister na wat Ek sê, en in Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe. Hy word nie veroordeel nie, maar het reeds uit die dood na die lewe oorgegaan."

| 4 | ONDERRIG (85 minute) *[KERKLIKE FEESDAG]* DIE CHRISTELIKE BRUILOF |
|---|---|

***Inleiding.*** Hierdie onderrig gaan oor die christelike bruilof (huweliksluiting/huweliksinseëning). Wat leer die Bybel oor die christelike huwelik en die inseëning daarvan?

## A. DE KENMERKE VAN DIE WARE HUWELIK

### 1. Die huwelik is 'n uitvinding, verordening en instelling van God.

***Ontdek en bespreek.*** Wat word oor die huwelik in die volgende Bybelgedeeltes geleer?

(1) Die huwelik is 'n verhouding tussen twee mense van die teenoorgestelde geslag.

***Lees*** Genesis 1:26-28; 2:18-24; Spreuke 5:15-19.
***Aantekeninge.*** Toe God die heelal geskep het, het Hy 'n manier bedink waarop alle spesies sou bly voortbestaan en hulleself sou kon vermeerder. God het twee verskillende geslagte geskep en Hy het 'n besondere doel daarmee gehad.

- Saam druk die man en die vrou sigbaar die beeld van God uit.
- En in die huwelik vorm hulle saam die kleinste gemeenskap: die gesin of familie, wat die fondament van elke groter gemeenskap vorm.

Hy het seks geskep sodat:

- die man en sy vrou 'n sterk eenheid sou vorm
- hulle die huwelik sou geniet
- die menslike geslag/spesie hulle oor die hele aarde sou uitbrei
- weens die gevare van onsedelikheid (Grieks: porneia)[1] "behoort elke man sy eie vrou te hê en elk vrou haar eie man" (1 Korintiërs 7:2).

(2) Die huwelik is 'n verordening en instelling van die God van die Bybel.

***Lees*** Genesis 2:24; Matteus 19:4-6; Efesiërs 5:31.
***Aantekeninge.*** Die huwelik is nie deur enige kultuur of gemeenskap uitgevind of ingestel nie. Die God wat Hom in die Bybel en in Jesus Christus geopenbaar het, het in die man en in die vrou 'n behoefte en verlange na die huwelik geskep. Nog vóór die sondeval het God sy plan m.b.t. die huwelik geopenbaar (Genesis 2:24). Hy het die huwelik geskep en ingestel as 'n verhouding waarin één man en één vrou in die huwelik tree:

- d.w.s. hulle moet hulle ouers verlaat
- 'n eenheid tussen één man en één vrou vorm (en nie 'n ander vorm van eenheid nie)
- en seks mag beoefen in hulle huweliksverhouding.

---

[1] Vorme van seksuele immoraliteit: insest, owerspel, homoseksualiteit, geslagsgemeenskap met 'n dier (Leviticus 18:6,20,22,23), pornografie, pedofilie, prostitusie (1 Korintiërs 6:9-10) ens.

Volgens Matteus 19 en Efesiërs 5 het God die huwelik as sy voorskrif (bevel) en instelling ná die sondeval van die man en die vrou gehandhaaf. Beide die Here Jesus Christus en die apostel Paulus bevestig God se instelling van die huwelik in Genesis 2:24 as 'n instelling vir alle volke en alle kulture op die aarde!

(3) Die huwelik is 'n sigbare beeld van die verhouding tussen God en sy volk.

***Lees*** Jeremia 3:1; Efesiërs 5:22-25.
***Aantekeninge.*** In die Ou Testament, dien die huwelik as 'n sigbare beeld en herinnering aan die verhouding tussen God en sy volk op die aarde! 'n Mens wat sy rug op God keer, is 'n (geestelike) prostituut in God se oë.

In die Nuwe Testament dien die christelike huwelik as 'n sigbare beeld en getuienis van die verhouding tussen Jesus Christus en sy Kerk/Gemeente.

Hoewel die kulture in die wêreld deur die eeue heen God se oorspronklike verordening en instelling van die huwelik verander het[2], bly God eis dat alle kulture op die aarde weer terugkeer na sy oorspronklike verordening en instelling!

## 2. Die huweljk mag uit liefde ontstaan, maar mag ook gereël word.

***Ontdek en bespreek.*** Wat is die voor- en nadele van 'n huwelik waar liefde die aantrekkingskrag was of 'n huwelik wat gereël is?
***Lees*** Genesis 24:1-4,67; Genesis 29:16-20; Psalm 127:1-2; Matteus 19:6.
***Aantekeninge.*** In die westerse kultuur trou manne meestal met vroue wat hulle liefhet. In die Oosterse en Midde Oosterse kulture leer mans om die vrouens met wie hulle trou lief te hê. In die Weste begin hulle met 'n ontploffing van emosie wat hopelik deur 'n toewyding van die wil gevolg word. In die ooste begin manne met 'n toewyding van hulle wil wat hopelik deur die opbloei van gevoelens gevolg word. As die God van die Bybel sentraal staan in die huwelik, sal beide soorte huwelike goed werk!

## 3. Die huwelik mag net tussen twee gelowiges (Christene) gesluit word.

***Ontdek en bespreek.*** Wat leer die Bybel oor trou met 'n ongelowige (nie-Christen)?
***Lees*** Deuteronomium 7:3-4; 1 Korintiërs 7:16,39; 2 Korintiërs 6:14.
***Aantekeninge.*** God verbied Christene om met 'n nie-Christen in die huwelik te tree.

As gevolg van die sonde, gebrokenheid en baie oorloë in die wêreld, is daar baie Christen-vroue wat geen Christen-man kan vind om mee te trou nie. In ander omstandighede is daar ook Christen-manne wat geen Christen-vrou kan vind om mee te trou nie. I.p.v. om hierdie vrouens en mans toe te laat om met nie-Christene te trou, sou Christene hulle baie meer moet inspan om baie meer mans en vrouens in hulle land vir Christus te wen.

Die apostel Paulus waarsku dat 'n gelowige nie moet dink dat, as hy met 'n ongelowige trou, hy die ongelowige ná die huweliksluiting wél vir die christelike geloof sou kon wen, nie! Dit is 'n wanopvatting, omdat geen mens 'n ander mens tot geloof in Christus kan beweeg nie. Dit is die voorreg van God alleen (Johannes 6:44). Daarom moet 'n Christen nie arrogant en ongehoorsaam wees nie. 'n Huwelik waarin die man en die vrou 'n ongelyke span vorm, is teen die wil van God (2 Korintiërs 6:14-16). Dit veroorsaak maar net baie lyding vir die gelowige en ook vir sy of haar kinders!

## 4. Die huwelik moet monogaam wees.

***Ontdek en bespreek.*** Wat sê God oor poligamie en byvroue?

(1) Monogamie was God se instelling by die skepping.

***Lees*** 1 Konings 11:1-11.
***Aantekeninge.*** Die Bybelse geskiedenis bevat goeie en slegte voorbeelde m.b.t. huwelike, maar hierdie historiese voorbeelde is nie normatief vir die leer en die gedrag in die christelike huwelik nie. Byvoorbeeld, die Bybelse geskiedenis vertel dat belangrike mense soos koning Dawid en koning Salomo meer as één vrou gehad het, iets wat God by die instelling van die huwelik verbied het (Genesis 2:24). Sommige kulture het poliandrie ('n vrou met meer as één man) en ander kulture het poligamie ('n man met meer as één vrou). Poliandrie en poligamie veroorsaak probleme soos 'n verderflike seksuele moraal, jaloesie, diskriminasie, geweld en afgodery. Daarteenoor is die Bybelse bevele en onderrig oor die huwelik normatief vir die leer en gedrag in die christelike huwelik.

(2) Monogamie bly God se instelling na die sondeval.

***Lees*** Genesis 2:24; Matteus 19:5.
***Aantekeninge.*** God het nooit sy oorspronklike plan (ontwerp) en instelling in Genesis 2:24 gewysig nie. God het nooit gesê "'n man sal saam met *sy vroue (meervoud) lewe*" nie, maar wel: "'n man sal sy vader en moeder verlaat en saam met *sy vrou (enkelvoud)* lewe!" Jesus Christus herhaal hierdie bevel in Matteus 19:5: "*hulle twee sal één wees*". Hy sluit alle ander mense (mans en vrouens) uit hierdie eenheidsverhouding in die christelike huwelik uit! Seks buite die huwelik is verbode!

[2] Byvoorbeeld, deur 'n byvrou te hê, poligamie, poliandrie, met iemand flankeer, allerlei vorme van seksuele immoraliteit

God verbied poliandrie en poligamie. Hy verbied die hê van ’n byvrou. Hy verbied egbreuk. Hy verbied seksuele immoraliteit vóór en buite die huwelik (Hebreërs 13:4) en daarom verbied Hy ook saamwonery! God haat flirtasie, verhoudings en liefdemaak (seks) in ’n atmosfeer van valsheid, selfliefde en gebrek aan selfbeheersing (Genesis 3:1-5; 2 Korintiërs 11:1-2; 2 Timoteüs 3:1-6).

### 5. Die huwelik is lewenslank.

***Ontdek en bespreek.*** Wat sê God oor die duur/lengte van ‘n huwelik?

(1) God verenig één man met één vrou vir die hele lewe.

***Lees*** 2 Korintiërs 6:14; Matteus 19:3-6.
***Aantekeninge.*** Omdat die verhouding tussen God en die mens ’n verbondsverhouding is, behoort die christelike huwelik ook ’n lewenslange vertrouensverhouding te wees. ’n Christen het die verantwoordelikheid om net met ’n Christengelowige te trou (2 Korintiërs 6:14). En as hulle in die huwelik tree, verenig God die twee mense lewenslank met mekaar (Matteus 19:5-6). Jesus het gesê: “Wat God dan saamgevoeg het, mag ’n mens nie skei nie (’n bevelvorm in die Grieks)”! ’n Christelike huwelik word gesluit wanneer die God van die Bybel ’n Christen man en ’n Christen vrou saamvoeg vir hulle hele lewe!

(2) Egskeiding in die Bybel.

***Lees*** Maleagi 2:16; Matteus 19:9; 1 Korintiërs 7:12-16.
***Aantekeninge.*** “Die Here ....sê Hy haat egskeiding. Egskeiding is niks anders as geweld nie”. God haat egtskeiding, omdat Hy egskeiding beskou as ’n daad van geweld teen die huweliksmaat. Maar as gevolg van die sonde in die wêreld, laat die Bybel egskeiding toe op grond van ontrou of onverenigbaarheid in die huwelik. Ontrouheid in die huwelik word uitgedruk as: geestelike afgodery (valse godsdiens), seksuele immoraliteit of geweld in die huwelik (Matteus 19:8-9). Onverenigbaarheid in die huwelik ontstaan wanneer die nie-christelike maat weier om langer met die Christenmaat in hulle huwelik saam te leef (1 Korintiërs 7:12-16). (Vergelyk ‘egskeiding’ in handleiding 8, les 41).

### 6. Die huwelik is tydelik, net vir die lewe op hierdie aarde.

***Ontdek en bespreek.*** Gaan die huwelik voort ná die dood van een van die huweliksmaats? Wat maak die dood met die huwelik?

(1) Die huwelik duur solank die twee huweliksmaats lewe.

***Lees*** Romeine 7:2; 1 Korintiërs 7:39.
***Aantekeninge.*** Paulus leer dat die huweliksverhouding duur net solank beide maats op aarde lewe. Wanneer een van die huweliksmaats oorlede is, is die ander maat vry om weer in die huwelik te tree met ’n tweede Christenmaat.

(2) Die huwelik is God se instelling op die aarde, maar nie in die hemel nie.

***Lees*** Matteus 22:23-32.
***Aantekeninge.*** Jesus leer dat mense na hulle dood nie meer trou nie. Dan sal die opgestane Christene *soos* die engele in die hemel wees. Maar alle verhoudings op aarde, die verhouding met jou vroeëre huweliksmaat ingesluit, sal in die hemel (en op die nuwe aarde) veel meer betekenis en veel meer bevredigend wees as die verhoudings op die aarde, omdat alle opgestane mense volmaak in die onmiddelike teenwoordigheid van God sal leef! Daarom is die huwelik ook net ’n instelling op die aarde en nie in die hemel nie.

Die ewigheids waarde van die christelike huwelik sou ’n mens kon soek in die volgende:

- die christelike huwelik vorm christelike karakter (vergelyk 1 Johannes 3:1-3)
- die christelike huwelik weerspieël en verkondig Christus
- die christelike huwelik vermeerder Christene op hierdie aarde (Genesis 1:28) en op die nuwe aarde Openbaring 7:9).

### 7. Die huwelik is die normale verhouding vir die meeste mense op die aarde, maar is nie noodwendig die beste vir elkeen nie, omdat God ’n ander doel vir die lewe van daardie persoon mag hê.

***Ontdek en bespreek:*** Waarom is die huwelik nie die beste vir almal nie?
***Lees*** Matteus 19:10-12; 1 Korintiërs 7:8-9,25-35; 1 Korintiërs 9:5; 1 Timoteus 3:2; 4:3; Jesaja 54:1-5.
***Aantekeninge.*** In die Bybel word die huwelik as normaal beskou vir Christene en ook vir Christenleiers (1 Korintiërs 9:5; 1 Timoteus 3:2; 4:3).

Om ongetroud te bly is nie ’n vloek of ’n straf nie. Om die selibaat (ongehuwde staat) te verkies, is nie méér “geestelik” as om te kies vir die huwelik nie. Om ongetroud te bly (die selibaat) is ’n geestesgawe (1 Korintiërs 7:7,32-35; Matteus 19:10-12), maar mag nooit geïnstitutionaliseer word nie (mag nooit as ’n instelling op ander Christene in die Kerk/Gemeente afgedwing word nie)!

Sowel die Here Jesus Christus (Matteus 19:10-12) as die apostel Paulus (1 Korintiërs 7:32-35) het besonder bemoedigende woorde vir mense wat ongetroud bly. God roep sommige Christene om vir ’n bepaalde periode van hulle lewe of lewenslank ongetroud te bly, ten einde ’n besondere taak vir God te verrig. God roep hierdie mense om Hom met onverdeelde toewyding te dien! God gee ‘n spesiale belofte aan mense wat ongetroud (of kinderloos) bly – hulle sal

meer geestelike kinders hê as getroude egpare. God belowe dat Hy hulle in sy Koninkryk baie vrugbaar sal maak (Jesaja 54:1-5)!

## B. VERANTWOORDELIKHEDE VIR CHRISTEN MANNE EN CHRISTEN VROUE

***Inleiding.*** God skep elke man en elke vrou. God het die huweliksverhouding ingestel, nie toe hy die man geskep het nie, maar toe Hy die vrou geskep het (Genesis 2:18-24). Daarom het God ook die reg om die verantwoordelikhede van getroude manne en getroude vroue ten opsigte van mekaar te bepaal. Hý weet hoe sy skepsels die allerbeste funksioneer. Alleen as ’n man en ‘n vrou hierdie Godgegewe verantwoordelikhede gehoorsaam, kan hulle ’n goeie huwelik hê.

Sommige mense beweer dat die huweliksverantwoordelikhede in die Bybel kultureel bepaal is en daarom nie ’n norm vir Christene vandag is nie. Dit is ‘n baie gevaarlike argument, omdat wat God in die Bybel beveel, verbied of onderrig altyd normatief is en normatief blý, juis omdat God die sondige menslike kultuur in alle lande op die aarde wil verander! (Vergelyk handleiding 6, les 23, waarin die verhouding tussen die menslike kultuur en die kultuur van die Koninkryk van God uitgelê word.

God gee aan beide die man en die vrou die verantwoordelikheid en gesag om mekaar te dien! Maar God het die man en die vrou verskillend geskep en het hulle *beveel om hulle Godgegewe verantwoordelikhede en gesag sigbaar uit te druk deur mekaar op verskillende maniere te dien*. Hy wou hê dat die christelike eggenoot sy diens sigbaar uitdruk deur veral die inisiatief in die verhouding te neem. En Hy verlang dat die christelike eggenote haar diens sigbaar uitdruk deur veral haar man in ’n warm (intieme) en sterk verhouding uit te nooi.

### 1. Die Godgegewe gemeenskaplike gesag en verantwoordelikheid van die Christen man en die Christen vrou?

***Lees*** Efesiërs 5:22-25.
***Antekeninge.*** Die christelike huwelik is ’n sigbare uitbeelding van die verhouding tussen Christus en sy Kerk/Gemeente (Efesiërs 5:22-33) en gevolglik ook ’n verkondiging van Jesus Christus aan die wêreld. Deur ’n goeie Christen huwelik waar te neem, leer die mense in die wêreld meer en meer oor Jesus Christus en oor die christelike Gemeente. Hulle *hoor* nie net van die liefde van Christus vir hulle nie, maar *sien* die liefde uitgebeeld in die christelike huwelik (en in die Christelike Gemeente). Hulle hoor nie net van die vreugde van ’n groeiende verhouding met die Lewende God nie, maar sien ’n voorbeeld van daardie vreugde in die christelike huwelik en in die christelike gesin, ens. Die christelike huwelik is/lewer ’n magtige getuienis van die werklikheid en aantreklikheid van ’n lewende verhouding met Jesus Christus! Elke christen-huwelik kan ’n sendingonderneming wees, veral as die christelike huis oopstaan en mense kan “kom en sien” (Johannes 1:40) hoe ’n christelike gesin funksioneer.

God gee aan beide die man en die vrou verantwoordelikheid, en gesag om mekaar te dien (en nie om oor mekaar te heers nie). Maar God het die man en die vrou verskillend geskep en het beveel dat hulle hul Godgegewe verantwoordelikhede en gesag sigbaar uitdruk deur mekaar op op verskillende maniere te dien. Hy het bepaal dat die man sy diensbaarheid sigbaar uitdruk deur veral die inisiatief te neem in die huweliksverhouding. En Hy het bepaal dat die vrou haar diensbaarheid sigbaar uitdruk deur veral haar man uit te nooi tot ’n warm (intieme) en sterk verhouding.

### 2. Die Godgegewe verantwoordelikhede van die Christen man teenoor sy vrou is veral om haar lief te hê en haar te lei.

***Lees*** Spreuke 31:10-12,28; Efesiërs 5:25-29,33; 1 Petrus 3:7.

(1) Die Christen man moet sy vrou dien deur haar lief te hê.

Hy moet haar liefhê soos Christus die Gemeente liefhet, deur ’n onselfsugtige belangstelling in haar en haar belange te hê, haar van harte te aanvaar en haar te help om haar allerbeste te wees. Liefde is volkome onbaatsugtig en stel homself nooit in die middelpunt nie. Liefde beteken selfopofferende diensbaarheid. Die liefde behandel haar met sorg en respek. Sy liefde bly haar trou onder alle omstandighede: wanneer dit goed of sleg gaan en in siekte of gesondheid.

Die liefde word uitgespel in 1 Korintiërs 13:4-8:

- Die liefde wat nie ongeduldig is nie, kan wag om liefde te bewys en forseer hom nie op die ander af nie.
- Die liefde wat vriendelik is, soek na elke geleentheid om te help en goed te doen.
- Die liefde wat nie jaloers is nie, is gul (rojaal) met die gee van waardering en eer en lof wat die ander toekom.
- Die liefde wat nie pronk (spog) nie, is beskeie oor sy eie prestasies en verdienste. Hy probeer geen indruk te skep nie.
- Die liefde wat nie trots is nie, is nederig m.b.t. sy eie vermoëns en tekortkominge.
- Die liefde wat nie onbeskof is nie, is beleefd (hoflik) en taktvol in verhoudings en communikasie.
- Die liefde wat nie homself en sy eie belange soek nie, is onselfsugtig (onbaatsugtig), veral in die uitoefening van regte.
- Die liefde wat nie homself kwaad laat maak nie, onderwerp hom met sagmoedigheid aan die kwetsende woorde en optrede wat die ander veroorsaak.
- Die liefde wat nie boekhou van die kwaad nie, is vergewensgesind, veral in gebroke verhoudings.

- Die liefde wat nie bly is oor die onreg nie, is regverdig (opreg) te midde van die swakhede en mislukkings van die ander.

Spreuke 31 beskryf ’n ander manier om haar lief te hê. As sy ’n vrou is met baie deugde, vertrou die man met sy hele hart op haar. Byvoorbeeld, omdat hy op haar hulp staatmaak, vra hy haar hulp. Die ware liefde laat haar voel dat sy nodig is, dat haar man haar bó andere verkies en haar waardeer! Daarom kan sy aan hom ook goed doen so lank as wat sy lewe. Daarom staan haar man en kinders vir haar op en prys haar.

(2) Die man moet sy vrou dien deur sy vrou te lei.

Hy moet haar lei soos Christus sy Gemeente lei. Hy moet haar lei soos ’n herder sy skape lei: deur haar te voed, vir haar te sorg, haar te beskerm en deur moeilike tye, omstandighede en gebeure heen te help. Hy moet haar lei soos ’n bestuurder van ’n groot huis: hy moet goed sorg vir haar besittings, haar aktiwiteite en haar belange. Hy moet haar lei soos ’n onderwyser deur haar te help om die waarhede van die Bybel te begryp en uit te leef. Hy moet haar lei as ’n dienaar, veral op die gebiede waar sy hom die meeste nodig het.

3. Die Godgegewe verantwoordelikhede van die Christen vrou teenoor haar man is veral om hom lief te hê en hom te help.

***Lees*** Genesis 2:18; Efesiërs 5:22-24,33; Titus 2:4-5; 1 Petrus 3:1-6.

(1) Die vrou moet haar man dien deur hom lief te hê.

Die Bybel leer dat ’n Christen vrou haar daaraan moet toewy om haar man en kinders lief te hê, beskeie (ingetoë) (selfbeheersd), kuis, versorgend in die huishouding en vriendelik te wees en die gesag van haar man te erken sodat die Woord van God in ere gehou word (Titus 2:4-5). Ook haar liefde moet gekenmerk word deur geduld, vriendelikheid en die ander kenmerke van die liefde in 1 Korintiërs 13. Haar liefde bly hom trou onder alle omstandighede: wanneer dit goed of sleg gaan en in siekte of gesondheid.

Die kwessie van die werkende moeder moet geëvalueer word in die lig van die modernisme, indiwidualisme en materialisme enersyds en die belange van God se Koninkryk andersyds**.**

(2) Die vrou moet haar man dien deur hom te help.

Die Bybel leer dat ’n vrou die gesag van haar man moet respekteer (Multivertaling sê: Wees aan julle eie mans onderdanig) (Efesiërs 5:22-24; 1 Petrus 3:1-6) en ontsag vir haar man moet hê (Efesiërs 5:33). Sy dien haar man deur sy leierskap vrywillig te respekteer en te volg. Die verskil tussen gehoorsaam wees en jou onderwerp is dat gehoorsaamheid deur ’n ander persoon met gesag geëis word, maar onderwerping ’n vrywillige houding met ’n daarby-passende gedrag is, wat die vrou aan haar man gee. ’n Man mag nie onderwerping van sy vrou eis nie! Dít bly God se voorreg!

“Haarself onderwerp” beteken nié om dit soos ’n slaaf te doen nie, maar soos ’n helper (Genesis 2:18). Sy volg hom vrywillig as die beste lid van hulle span. Daarom gee sy aan hom elke moontlike bydrae, suggesties, idees, ondersteuning, ens. wat sy ookal kan gee. Sy bespreek alle belangrike sake m.b.t. hulle persoon, hulle huweliksverhouding, hulle gesin, hulle uitgebreide familie, hulle omgewing, ens. met hom. Sy maak goeie besluite en keuses saam met hom en bespreek vrymoedig alle moontlike gevolge van hulle besluite en keuses. Slegs in die laaste instansie, as hulle dit nie met mekaar eens is nie, laat sy hóm die finale besluit neem. Die finale verantwoordelikheid vir hierdie betrokke beslissing lê dan wél by hóm as die leier. Haar onderwerping moet beperk bly tot die sake wat God van haar vra. As haar man van haar eis om hom in iets verkeerds te gehoorsaam, mag sy hom met sagmoedigheid weerstaan (Handelinge 5:29). Só werk ’n man en ’n vrou met mekaar saam soos in ’n span in hulle huwelik, hulle gesin en samelewing.

Om ontsag te hê vir haar man beteken die volgende: dat sy haar standpunt so goed moontlik uiteensit en dan toelaat dat God dit uitwerk op sy eie manier. Dit beteken: dat sy die advies van haar man ernstig oorweeg. Dit beteken: dat sy haar man betrek by haar planne en die gang van sake met hom bespreek. Dit beteken: dat sy vrywillig die inisiatief neem om hom te help en nie passief wag totdat hy haar vra nie. Dit beteken: dat sy geduldig na hom luister en probeer om sý standpunt en sý probleme te begryp.

***Samevatting.*** As ’n man sy vrou dien deur haar lief te hê en te lei soos Christus dit met die Gemeente doen, sal dit nie vir ’n vrou moeilik wees om haar man te dien deur hom lief te hê, sy gesag te erken, hom te help en ontsag vir hom te hê nie. Die beste plek vir kinders om te leer wat liefde, respek, leierskap en onderworpenheid aan gesag beteken, is om die verhouding van hulle ouers elke dag waar te neem.

## C. DIE CHRISTELIKE HUWELIKSSEREMONIE

***Inleiding.*** Die christelike huweliksseremonie is ’n openbare sosiale en godsdienstige gebeurtenis. In die Bybel word saamwoon asof julle getroud is, sonder dat julle amptelik getroud is, veroordeel. Die christelike huweliksseremonie beëindig amptelik en in die openbaar die lewensfase van ongetroud wees en begin die lewensfase van getroud wees. Die Bybel vertel en leer die volgende waarhede oor die christelike huweliksseremonie.

## 1. Die christelike huweliksseremonie het drie onontbeerlike en noodsaaklike dele.

***Lees*** Genesis 2:24; Matteus 19:5-6; Efesiërs 5:31.
***Ontdek en bespreek.*** Wat beteken die drie onontbeerlike en noodsaaklike onderdele van 'n christelike huweliks-seremonie in die praktyk?

***Aantekeninge.*** In Matteus 19:5-6 leer Jesus: "Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe en hulle twee sal een wees." Hulle is dus nie meer twee nie, maar één. Wat God dan saamgevoeg het, mag 'n mens nie skei nie." God sê dit by die skepping en Paulus herhaal dit vir die Kerk/Gemeente. Daarom moet hierdie beginsel wel vir God baie belangrik wees! Die huwelikseremonie is 'n baie belangrike sosiale en godsdienstige gebeurtenis. By dié gebeurtenis verlaat 'n man en sy vrou hulle ouers en begin hulle saam 'n nuwe gesin! Die drie onontbeerlike noodsaaklike onderdele van 'n christelike huwelik is: ouers word openlik verlaat; die man en die vrou word saamgevoeg; en die man en die vrou word één vlees.

### (1) Die christelike huwelik beteken: jy moet jou ouers verlaat.

Dit maak nie saak of die huwelik gereël en of die huwelik uit liefde ontstaan het nie, maar die man en die vrou moet hulle ouers verlaat en hulle eie gesin begin. 'n Man en 'n vrou berei die verlating van hulle ouers voor, deur aan te kondig dat hulle van plan is om met mekaar te trou en deur 'n begin te maak met die voorbereidings vir die bruilof. Dit gebeur gewoonlik by 'die verlowing'. Eérs as die huweliksseremonie voltrek is, het hulle definitief hulle ouers verlaat.

Die getroude paartjie verlaat hulle ouers op verskillende maniere:

- *Hulle verlaat hulle ouers emosioneel*. Van hulle huwelik af moet die man en die vrou mekaar bó hulle ouers liefhê en verkies.
- *Hulle verlaat die gesag van hulle ouers*. Efesiërs 6:1-3 leer dat onmondige kinders hulle ouers moet gehoorsaam en respekteer. Maar Efesiërs 5:31 leer dat as hulle trou, hulle hul ouers moet verlaat. Van hulle huwelik af is die man en vrou nie meer verplig om hulle ouers te gehoorsaam nie. Hulle is egter steeds verplig om hulle ouers te eer, maar 'eer' is iets anders as 'gehoorsaam'. Byvoorbeeld, ouers en skoonouers het glad nie meer gesag oor hulle vroeëre kinders nie. Onthóú: 'n skoonma het geen gesag oor die vrou van haar seun nie.
- *Hulle verlaat hulle ouers finansieel*. Die getroude man en vrou moet sélf vir hulle eie inkomste en uitgawes sorg en hulle eie finansies beheer.
- *Hulle verlaat hulle ouers geestelik*. Veral as hulle ouers nie-Christene is, moet hulle nie die godsdienstige stellings en praktyke van hulle ouers in hulle huis of gesin toelaat nie. Hulle moet nét Jesus Christus in hulle huis dien.
- *Hulle verlaat hulle ouers sosiaal*. Indien moontlik moet hulle 'n kamer buite hul ouerhuise huur. In sommige kulture het die jongmense hulle ouers al verlaat as hulle uit die huis gaan om te studeer of te werk. Dit is nie verkeerd nie.

Al hierdie aspekte om julle ouers te verlaat is sigbare tekens vir die ouers en alle ander mense dat die getroude paartjie nie langer afhanklik is van hulle ouers nie, maar hulle eie gesin begin het.

### (2) Die christelike huwelik beteken: om saamgevoeg te word.

Die huweliksseremonie is 'n openbare sosiale en godsdienstige gebeurtenis, waartydens 'n man en 'n vrou met mekaar 'n huweliksooreenkoms sluit in die teenwoordigheid van God en God se volk. Hulle beloof mekaar dat hulle hul hele lewe lank trou en toegewyd aan mekaar sal bly, totdat die dood hulle skei. In Maleagi 2:13-16 sê God se Woord: "Die HERE is getuie tussen jou en die vrou van jou jeug" (AOV) dat julle die huweliksooreenkoms nie breek nie. Tydens die huweliksseremonie maak die HERE Self die man en die vrou tot één en waarsku hulle om nie troueloos met mekaar te handel in 'n egskeiding nie. Tydens die huweliksseremonie is die Christen broers en susters van die gemeente en die familielede en vriende van die man en die vrou getuies dat hulle 'n belofte aan God gemaak het om mekaar lief te hê, om aan mekaar getrou te bly en mekaar te help in alle lewensomstandighede.

### (3) Die christelike huwelik beteken: één (liggaam) word.

Die huweliksseremonie is die beginpunt waar die man en die vrou in elk opsig één word. Hulle moet geestelik, intellektueel, emosioneel, sosiaal en fisies één word. Die fisiese eenheid is die toppunt van hulle eenheid en word eers ná die huweliksseremonie en nét binne hulle huwelik deur God toegestaan. Die huweliksseremonie is God se bevestiging dat hulle hul fisiese eenheid mag begin. Die seksuele eenheid van die getroude man en die getroude vrou is aangenaam vir God slegs wanneer dit binne die grense van die huweliksverbintenis bly. Daarom verbied God ook seks vóór die huwelik en seks búite die huwelik (Hebreërs 13:4)[3]. Die liggaamlike eenheid is ook die beste wanneer daar 'n groeiende eenheid bestaan in al die ander aspekte van die huwelik.

## 2. Die huweliksseremonie is 'n openbare sosiale en godsdienstige fees.

***Leer.*** In die Bybel was 'n bruilof nooit 'n geheime saak nie, maar altyd 'n openbare gebeurtenis!

### (1) Die christelike huweliksseremonie was 'n openbare familie gebeurtenis.

In die Ou-Testamentiese periode was die huweliksaankondiging '*n aangeleentheid waarby die hele familie betrokke is.* Dit was 'n geskiedkundige gebeurtenis waarin die families van die bruidegom en bruid 'n belangrike rol gespeel het. Dit het die volgende ingesluit: die keuse van 'n geskikte huweliksmaat (Genesis 21:21), soms die gee van 'n kompensasie-

---

[3] Ontugtiges (Grieks: pornos) is mense wat by allerlei onsedelijke/seksuele immoraliteit (seks voor die huwelik) betrokke is. Owerspeliges (Grieks: moichos) is mense wat by buite echtelike seks betrokke is.

geskenk aan die familie van die bruid (Genesis 29:18, 34:12) en geskenke aan die bruid en die bruidegom (Genesis 24:59,61, 1 Konings 9:16).

In die moderne tyd word die vra van jou ouers se advies m.b.t. die huwelik, die huweliksmaat en die bruilof baie gewaardeer as ’n teken van eer aan jou ouers. Die gee van kompensasiegeskenke is egter nie ’n Bybelse vereiste nie.

(2) Die huweliksseremonie was ’n openbare sosiale en godsdienstige gebeurtenis.

Die huweliksseremonie het ’n aantal van die volgende elemente ingesluit: Die bruid en die bruidegom het bruilofsklere aan (Psalm 45:13-14). Hulle word vergesel deur bruidsmeisies en vriende van die bruidegom (Psalm 45:14, Johannes 3:29). Die bruidegom en sy vriende het na die huis van die bruid gekom en die bruidsmeisies het hulle tegemoet gegaan. Daarna het die bruidstoet in ’n optog van die huis van die bruid af gegaan na die huis van die bruidegom. Die uitgenooide gaste loop saam in die optog as hulle brandende fakkels by hulle gehad het, om die donker paaie te verlig (Matteus 25:1-13). Die bruilofsfees is by die huis van die bruidegom gevier. Die bruilofsfees kon selfs ’n week lank duur (Matteus 22:1-14, Johannes 2:1-10, Rigters 14:17). Die méés plegtige gedeelte van die bruilof was die huweliksseremonie waarby God Sélf Getuie van die sluiting van die huweliksooreenkoms was (Maleagi 2:14, Spreuke 2:17, Esegiël 16:8)! Deur die eeue heen het Christene hulle bruiloftsfeeste in die openbaar gevier, in die teenwoordigheid van God, die Christen broers en susters van die gemeente en die familie en vriende van die bruidspaar.

(3) Die huweliksgemeenskap vind eers ná die huweliksseremonie plaas.

(Genesis 29:21-23, Deuteronomium 22:13-21; Hebreërs 13:4).

| | | |
|---|---|---|
| **5** | GEBED (8 minute) | *[REAKSIES]*<br>GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD |

*Bid saam* met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

| | | |
|---|---|---|
| **6** | VOORBEREIDING (2 minute) | *[OPDRAGTE]*<br>VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS |

*Deel* die voorbereiding vir die volgende keer op ’n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die studie oor “Die Christelike bruilof” saam met ’n persoon of ’n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer ’n halwe hoofstuk per keer uit 1 Tessalonisense 2 – 5. Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memorisering. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers, (7) Johannes 6:37. Herhaal elke dag jou laaste vyf memoriseringsverse.
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. Johannes 8. Maak gebruik van die vyf stappe metode en maak kort aantekeninge.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifieks hierdie week en sien met verwagting uit wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge oor die bou van die gemeente van Christus op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering en hierdie opdrag in.